



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

VRYHEID VAN SPRAAK

FEITEBLAD 5

HERSIENING 1, 5 JULIE 2016

Vryheid van spraak word in artikel 16 van die nasionale Grondwet en artikel 26 van die Grondwet van die Wes-Kaap verskans en is een van die mees gekoesterde en betekenisvolle voorregte van die Parlement en dit erken die bevoegdheid van die Huis om eksklusiewe beheer oor sy eie verrigtinge uit te oefen. Dit bied aan Lede baie vryheid om watter saak ook al voor die Huis dien, te debatteer en dit stel hulle in staat om in hul toesprake enigiets bloot te lê of te kritiseer wat na hul mening blootgelê of gekritiseer behoort te word. Hierdie statutêre vryheid kan nie deur enige geregshof of op enige plek buite die Parlement bevaagteken word nie. Die Parlement se eie reëls en praktyke vereis egter van Lede om nie hierdie vryheid te misbruik nie, maar om dit op sodanige manier te gebruik dat die waardigheid en eer van die Parlement te alle tye gehandhaaf en beskerm word.

Lede moet hul toesprake en uitlatings temper om aan die parlementêre standarde vir welvoeglikheid te voldoen. Lede moet ook besef dat hulle vryheid van spraak onderworpe is aan die beginsel dat hulle nie onbehoorlike of onwaardige motiewe, oneerlikheid, skynheiligheid of 'n gebrek aan opregtheid aan hul Medelede mag toedig nie. Al die Lede is agbare Lede en elke agbare Lid behoort daarom altyd met dieselfde respek teenoor ander agbare Lede op te tree as wat hy/sy van hulle verwag.

Aantygings van onbehoorlike gedrag deur Medelede word nie toegelaat nie en moet by die Huis ingedoen word by wyse van 'n substantiewe mosie waarvan behoorlike kennis gegee is. Die voorreg van vryheid van spraak word dus net beperk deur die ordereëls vir debatvoering en die reg van die Voorsittende Beampte en die Huis om op te tree teenoor 'n Lid wat hierdie reëls oortree.

Ingevolge artikel 25(1) van die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immunitete van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004 (Wet 4 of 2004), kan 'n persoon, uitgesonderd 'n Lid, wat veronreg voel deur 'n verklaring of opmerking wat 'n Lid of getuie in of voor die Huis of komitee oor daardie persoon gemaak het, 'n skriftelike versoek aan die Sekretaris voorlê om 'n antwoord te laat opteken. Die komitee wat deur die Provinsiale Parlement aangestel is, moet die versoek oorweeg en, indien toegestaan, die antwoord van die persoon in die toepaslike parlementêre stuk publiseer.

Nota: Feiteblad 4 en Feiteblad 14 handel onderskeidelik oor "Gedrag in die Raadsaal en debatsreëls" en "Onparlementêre taalgebruik".